hy hierdie dreigement uitvoer, sal my gemeente ietwat krimp maar ek kan egter op uitkoms staat maak, aangesien kaptein Selape reeds die gedagte uitgespreek het dat hy met al sy volgelinge hierheen wil trek."

„Ook Molebeledi het afvallig geword. Ek het reeds gehoop dat ek hom sou kon doop, veral nadat hy al sy vrouens behalwe een, verlaat het, en daardeur die grootste offer gebring het wat 'n heiden vir die geloof kan bring. Maar nou het die duiwel egter in hom gevaar en het hy uit gekrenkte trots, tot die heidendom teruggekeer. Ek het naamlik die fout, in sy oë altans, begaan om een van sy eertydse vrouens voor hom te doop aangesien hy self nog nie daarvoor ryp genoeg geag is nie. Nou het hy my bitterste vyand geword en agiteer ook teen my. Hy wou selfs sy bekeerde seun Jesaja vergewe en het hom terstond uit sy kraal uit weg gejaag. Verder het hy sy vrou Sara belet om in sy huis te bid of om die kerk te besoek. Ook die kinders wat nog steeds die kerkdienste en ook gedeeltelik die skool besoek het, het hy met geweld terug gehou. Ja, hy verbied hul selfs om geestelike liedere in sy kraal te sing. Twee meidjies het na my toe gevlug aangesien hy hul met verkragting gedreig het . . . . "

(*Word vervolg*).

---

# KORRESPONDENSIE

## Brief van oud-Regter W. E. Bok.

Die Redakteur,

Pretoriana.

Met belangstelling het ek in u laaste uitgawe die „Herinneringe" van die heer L. R. Middelberg gelees. Ek wil egter daarop wys dat die heer Middelberg sig vergis wanneer hy meen dat die Staatsgimnasium in die begin gehuisves was in 'n woonhuis op die Kerkplein waar die Reserwebank nou staan. Die eerste tuiste van die Staatsgimnasium was op die ander hoek van die plein, waar die Paleis van Justisie nou staan. Aan die westekant van daardie woonhuis in dieselfde blok, was daar net een geboutjie — en dit was, as ek my goed herinner, die laboratorium van die oude heer Fockers.

W. E. BOK.

(Ons het hierdie brief aan mnr. Middelberg voorgelê en hy gee toe dat hy hom vergis het en dat regter Bok dus gelyk het.—Red.).